# Laerskool Anton van Wouw

# Kultuurbeleid:  2011

# LAERSKOOL ANTON VAN WOUW
# KUTUURBELEID
# 2011

## 1. Visie

Ons visie is om elke leerder bekend te stel aan die ryke kultuurverskeidenheid in ons land; respek en waardering vir ander kulture aan te kweek en stewig gewortel te wees in die kultuur eie aan onsself.

## 2. Missie

Om gebalanseerde leerders op te voed, is dit noodsaaklik dat kultuur, akademie en sport gelykwaardige ruimte en tyd gegun word. Leerders word blootgestel aan 'n wye spektrum van kultuuraktiwiteite en leer daardeur liefde vir die kunste, deursettingsvermoë, selfdissipline en 'n gebalanseerde persoonlikheid aan. Ons strewe is dat elke leerder ook sy/haar volle potensiaal op kultuurgebied sal bereik.

## 3. Wat is 'n kultuur?

Kultuur by Laerskool Anton van Wouw omskryf en bevat die **ganse geestelike besitting** van ons leerders op **elke terrein**.

## 4. Kultuuraktiwiteite

4.1 Die volgende aktiwiteite word binne-skoolverband aangebied:

- Voortrekkers
- Senior koor
- Junior koor
- Drama
- Redenaars
- Toastmasters
- Kunsklub
- Sang
- Musiek
- Revue
- Speech Festivals
- Wouwtjie Kunstefees
- Afrikaans Ekspo
- Slagorkes

4.2 Die volgende aktiwiteite word buite-skoolverband aangebied:

- Dans
- Kunswedstryde
- Streekkore/Kinderkore

## 5. Beskrywing van kultuuraktiwiteite

### 5.1 Voortrekkers

Die Dirkie Uys-kommando bestaan reeds sedert 1952 en is gevestig op die skoolterrein.

- Grondslag van die Voortrekkers
  God Drie-enig se openbaring aan ons deur die Bybel en die skepping.

- Wese
  Die Voortrekkers is ‘n kultuurbeweging wat die Afrikaner, in besonder sy jeug, bemagtig om as positiewe Burgers en konsekwente Christene suksesvol te wees.

- Doelstellings
  Die doelstellings van Die Voortrekkers is:
  1. om die geloof in God Drie-enig te vestig;
  2. om op alle terreine ‘n Bybels Christelike lewe te lei;
  3. om die Afrikanerkultuur oor te dra en uit te bou en om ons kultuurerfenis te waar deer en te bewaar;
  4. om uit die verlede van die Afrikaner te neem wat goed is en daarop te bou vir die toekoms;
  5. om ons omgewing waar te neem, te waardeer en te bewaar;
  6. om tot goeie landsburgers en leiers te ontwikkel; en
  7. om gewoontes van oplettendheid, ondersoek, waardering, selfstandigheid, selfdissipline, diensgerigtheid en diensvaardigheid te ontwikkel.

- Voortrekkerkode
  Elke lid van Die Voortrekkers strewe daarna om die Voortrekkerkode na te leef, wat soos volg lui:
  1. ‘n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.
  2. ‘n Voortrekker lei ‘n Christelike lewe.
  3. ‘n Voortrekker aanvaar gesag.
  4. ‘n Voortrekker respekteer en bevorder die taal en kultuur van die Afrikaner.
  5. ‘n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.
  6. ‘n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
  7. ‘n Voortrekker is ‘n goeie landsburger.
  8. ‘n Voortrekker neem leiding.
  9. ‘n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
  10. ‘n Voortrekker is diensgerig en diensvaardig.

### 5.2 Seniorkoor

Die doel van die Seniorkoor is om koorklanke voort te bring op só 'n wyse dat dit 'n liefde vir sang en koormusiek by die leerders ontwikkel. Die Seniorkoor streef daarna om 'n uitstalvenster vir Laerskool Anton van Wouw te wees en ook om te alle tye as ware ambassadeurs van ons skool op te tree. Dit is ons strewe om kwaliteit koorsang te lewer.

Die Seniorkoor neem jaarliks aan verskeie kunswedstryde, koorfeeste en kerkoptredes deel.

Die Seniorkoor oefen twee keer per week vir altesaam drie ure. Hulle oefen elke eerste Saterdagoggend van 'n nuwe kwartaal. Daar is ook twee oefenkampe per jaar.

Die drag bestaan uit winterskooldrag met 'n koorbaadjie wat die eiendom is van die skool. Die koorbaadjie word by die skool gehuur teen 'n minimale bedrag per jaar. Geen leerder word weerhou van bogenoemde as gevolg van 'n tekort aan finansies nie.

Ons maak vir etlike jare al gebruik van 'n professionele begeleier wat deur die skool vergoed word. Daar word jaarliks hiervoor begroot en is onderhewig aan die goedkeuring van die Beheerliggaam.

Koorlede is self verantwoordelik vir die betaal van die koorkampe en -toere.

### 5.3 Juniorkoor

Die Juniorkoor bestaan uit gr. 1 tot 3-leerders. Hierdie koor se doel is hoofsaaklik om kinders die liefde vir sang te leer. Leerders moet 'n oudisie aflê en alhoewel alle leerders aangemoedig word om deel te neem, is suiwer stemmetjies tóg belangrik. Die koor sing nét eenstemmig. Vasgestelde koordrag word gedra.

Ons maak vir etlike jare al gebruik van 'n professionele begeleier wat deur die skool vergoed word. Daar word jaarliks hiervoor begroot en is onderhewig aan die goedkeuring van die Beheerliggaam.

Kompetisies: Neem aan koorfeeste en een tot twee kompetisies per jaar deel.
Oefentye: Twee keer per week; Maandae en Woensdae.

**5.4 Drama**

Drama word op die skoolterrein aangebied; drie middae per week.

Dit is egter ook 'n aktiwiteit buite skoolverband. Leerders kry privaatafrigting en word óf deur die skool, óf deur afrigters ingeskryf vir talle kunswedstryde.

**5.5 Redenaars**

Redenaars lê Anton van Wouw baie na aan die hart. Redenaars is die vorming van ons leiers vir die toekoms en daarom is dit Anton van Wouw se doel om soveel as moontlik geleenthede te skep en te benut om ons leerders op te lei as redenaars. 'n Redenaar leer om deur liggaamshouding, stem en taal sy standpunt oor te dra en sy gehoor te oortuig van sy siening.

Laerskool Anton van Wouw poog om elke jaar ons top-redenaars tot op nasionale vlak te lei. Al die leerders word deur hul onderwysers gemotiveer om aan die interne redenaars deel te neem. Die senior leerders word gemotiveer en gelei om navorsing oor 'n onderwerp te doen en hul eie toesprake te skryf.

Die temas vir die ATKV-redenaars word in November bekend gemaak vir die komende jaar. Om ons beste redenaars uit te soek , word daar in Februarie of vroeg Maart 'n interne redenaarskompetisie gehou, met 'n buitebeoordelaar (indien moontlik, 'n ATKV-beoordelaar).
Indien baie inskrywings op Juniorvlak (Gr. 1, 2, 3) ontvang word, word interne uitdunne gehou (Juffrouens as beoordelaars.) Ná die uitdunne word 'n aantal verkose leerders deur buitebeoordelaars beoordeel.

Na gelang van die skool se grootte, word die inskrywings per graad bepaal. Tans is ons geregtig op:

| | | | |
|---|---|---|---|
| - | Juniors: | Gr. 1-3 | 4 leerders |
| - | Seniors: | Gr. 4-5 | 4 leerders |
| | | Gr. 6-7 | 5 leerders |

Aangesien so 'n klein aantal leerders aan die ATKV-Redenaars kan deelneem, skryf ons ALLE leerders wat wil, in vir die Radikale Redenaarsfees. Dit word ook op streek– en nasionale vlak aangebied.

Redenaars se streekuitdunne vind plaas tussen April en Augustus van elke jaar.

**5.6 Toastmasters Youth Leadership Programme**

Laerskool Anton van Wouw, in conjunction with the Forum Toastmasters Club, will present a Youth Leadership Programme on a yearly basis for gr. 7-pupils. Toastmasters is an international public speaking organization whose aim is to improve communication, leadership and listening skills.

The course will comprise of six sessions, which will be held on 5 consecutive Tuesdays from 18:00 to 20:00 and 2 Saturday mornings from 08:30 to 10:30 at school. The dates will be given to the children during the first week of the new school term (twice a year).

**The sessions are as follows:**

Session 1 - Types of speeches, use of notes, subject choice for a speech.
Session 2 - Structure of a speech, use of voice, introducing and thanking a guest speaker.
Session 3 - Use of language, body language, saying grace and proposing toasts.
Session 4 - Use of visual aids, props and support material, use of microphone.
Session 5 - Revision of sessions 1-4 and allocation of banquet tasks.
Session 6 - Banquet Dress Rehearsal.
Session 7 - Banquet.

It is imperative that a learner attends all six sessions including the banquet as the course follows a progression. **As a highlight the course will conclude with a banquet.** During the banquet, the learners will have an opportunity to demonstrate to their parents and friends, all of the skills which they have acquired throughout the course.

The course will be presented in English but the learners may deliver their speeches in English or Afrikaans.

### 5.7 Kunsklub

Alle gr. 1 tot 7-leerders kan deel wees van die Kunsklub. Dit word een keer per week aangebied. Verskeie kunsaktiwiteite, soos skilder, beeldhou, glasverf, mosaïek en ander kunsvlyte word beoefen en onderrig.

Leerders se kunswerke word elke jaar na Eisteddfods en ander kunswedstryde ingestuur. Só kry die skool gereeld goeie blootstelling na buite.

### 5.8 Sang

Sang word tans drie middae per week op ons terrein aangebied as individuele lesse. Leerders kry die geleentheid om elke jaar ‘n formele sangeksamen af te lê, sowel as die geleentheid om aan kunswedstryde en Eisteddfods deel te neem.

### 5.9 Musieksentrum

Die Musieksentrum van Laerskool Anton van Wouw het tans sewe gekwalifiseerde musiekonderwysers wat in die namiddae individuele musiekonderrig in die volgende instrumente aanbied:

- Klavier
- Klawerbord
- Viool
- Blokfluit
- Dwarsfluit
- Kitaar
- Sang

Musiekteorie word in groepsverband aangebied en leerlinge word ook vir eksterne eksamens en Eisteddfods ingeskryf.

**5.10 Revue**

'n Revue word elke vierde jaar deur die skool op die planke gebring. Ons doel is om **elke** leerder die geleentheid te gee om ten minste een keer in hul laerskoolloopbaan deel te hê aan só 'n groot produksie.

**5.11 Speech Festivals**

Die Engels-departement reël ongeveer elke tweede jaar 'n Speech festival, waartydens elke leerder (gr. 1 tot 7) die geleentheid kry om op te tree voor 'n gehoor en beoordeel word deur buitebeoordelaars. Die klem val op voordrag en lees.

**5.12 Wouwtjie Kunstefees**

Die Wouwtjie Kunstefees is 'n jaarlikse instelling (behalwe in 'n revue-jaar) wat gehou word om aan die leerders die geleentheid te bied om in hul bekende omgewing hul talente ten toon te stel.

Professionele beoordelaars behartig die beoordeling van al die onderskeie afdelings - drama, dans, kuns, sang, skryfwerk, instrumentaal, blommerangskikking en tafeldek.

Elkeen wat deelneem, ontvang 'n sertifikaat en 'n repliekvormpie. Die onderskeie beoordelaars help met die samestelling van die gala-aand se deelnemerslys.

**5.13 Kunswedstryde**

Kunswedstryde is buite skoolverband, maar word tóg gekoördineer deur die skool. Ouers kán egter ook leerders privaat inskryf.

In ons doel om elke leerder ten volle te help ontwikkel op alle terreine, speel kunswedstryde 'n belangrike rol in die vorming van die kind se sosiale en emosionele ontwikkeling.

Ons poog om soveel as moontlik leerders bloot te stel aan dié tipe kompetisie. Kunswedstryde behels die deelname van leerders op streeks– sowel as nasionale vlak. Leerders kry die geleentheid om in hul ouderdomsgroep in verskeie afdelings met mekaar mee te ding. Aangesien inskrywings beperk word tot vyf leerders per item per graad, skryf ons gewoonlik vir meer as een kunswedstryd of kunstefees in.

Kunswedstryde waarvoor ingeskryf word, is:

- Pretoria Eisteddfod
- Centurion Kunstefees
- Pierneefteater

Afdelings waarvoor die skool inskryf, is as volg:

- Drama
- Vokaal
- Kore
- Beeldende kunste
- Instrumentaal

Die skool is verantwoordelik vir die affiliasiegelde, maar leerders is self verantwoordelik vir individuele items se inskrywingsgelde. Die skool betaal wel vir die groep-items.

Affiliasie word jaarliks in die begin van die jaar gedoen. Inskrywings vind plaas in Februarie en Maart. Kunstefeeste en kunswedstryde vind plaas tussen April en Augustus.

### 5.14 Afrikaans Ekspo

Die Afrikaans Ekspo se doel is om leerders te stimuleer en aan te moedig om op 'n kreatiewe manier hul taalvaardighede te ontwikkel.

Afdelings waarin leerders kan deelneem, is skryfwerk (poësie en verhale); slagspreuke; koerantplakboeke (idiome en uitdrukkings); dramas en reklamemateriaal.

Die Ekspo word ongeveer elke vierde jaar aangebied. Alle leerders (gr. 1 tot 7) kan daaraan deelneem.

### 5.15 Slagorkes

Die doel van die slagorkes is om die basiese musikale begrippe vir die kleuters aan te leer. (Slagmaat, onderskeid tussen hard en sag, tempo, ens.)

- Gehoorontwikkeling speel 'n baie groot rol.
- Algemene dissipline.
- Aandagspan te verbeter.
- Selfvertroue d.m.v. optredes te ontwikkel.
- Selfbeeld op te bou.

In die eerste twee kwartale neem al die gr. R-leerders deel en vanaf die 3de kwartaal betrek ons die hele pre-primêre skool. Ons begin dan reeds die graad RR-leerders aan instrumente blootstel.

Enige uitnodiging is welkom. Die orkes tree op by aftree-oorde, die Staatsteater, koorfeeste en letterlik oral waarheen ons genooi word - dus, almal wat wil luister!

**5.16 Dans**

Tans word net Ceroc-baldanse op die skoolterrein aangebied. Ons leerders neem aan talle dansaktiwiteite deel buite skoolverband. Hulle kry wél die kans om hul talente ten toon te stel tydens die Wouwtjie Kunstefees.

**6. Kultuurerfenisdae**

Die Kuns en Kultuur-departement gebruik ons eie leerders om op spesiale dae op die kalender, soos Erfenisdag, ons eie en ánder kulture uit te beeld deur middel van drama/sang/uitstallings/danse en vertellings.

Die skool se verjaarsdag word ook uitgesonder as ‘n spesiale geleentheid waartydens ons die leerders bewus maak van die skool se geskiedenis en kultuur.

**7. Kultuur-uitreik**

Dit is vir ons belangrik om ons leerders bloot te stel aan ander kultuurgroepe se kultuur-aktiwiteite, bv. tradisionele danse en sang, asook handewerk en kuns. Bo en behalwe uitstappies na die Kultuurmuseum, word daar ‘n daadwerklike poging aangewend om uit te reik na skole uit ánder kulturele agtergronde.

**8. Kultuurmerieteaand**

Die leerders ontvang punte vir alle aktiwiteite - binne én buite skoolverband. Kultuurbalkies word dan gegee daarvolgens: Goud, Silwer, Brons en merietesertifikate. Prestasies verdien punte; wat oorgedra en opgebou word in ‘n fase:

- Gr. R - iii
- Gr. iv - vii

Aan die **einde van elke jaar** ontvang die leerder die relevante balkie - dus vir punte verdien **tot op daardie stadium.** Indien goud bv. bereik word in die 2de jaar van ‘n fase, begin die leerder weer van voor af punte bymekaarmaak. Dit is dus moontlik om dubbel-goud, ens. te verdien.

Die leerders verdien punte indien:

- Buite-beoordelaars gebruik is, en/of
- Dit ‘n gekrediteerde, erkende kompetisie/kursus/kunstefees/eksamen is.

**8.1 Punte - berekening**

| | | |
|---|---|---|
| Erekleure sertifikaat en goue balkie | - | 180 punte |
| Meriete sertifikaat en silwer balkie | - | 130 - 179 punte |
| Meriete sertifikaat en brons balkie | - | 80 - 129 punte |
| Meriete sertifikaat | - | 30 - 79 punte |
| Sertifikaat van verdienste | - | 10 - 29 punte |

- Kultuurpunte word bymekaargemaak uit enige/alle kategorieë.
- Uitslae wat nóg nie beskikbaar is vir die Merieteaand nie, kom in aanmerking vir die volgende jaar. (Unisa-eksamens, bv.)

**A.** **Kunswedstryddeelname** (Alle afdelings: drama; prosa; poësie; sang; musiek; dans; kuns)

Let wel: SANG word nie noodwendig saam met MUSIEK getel nie.

**<u>Centurion/Beeld/Pretoria/Pro-Arte National Eistedfod Academy (NEA)</u>**

| | | | |
|---|---|---|---|
| - | Wenner van ‘n kategorie (bv. Poësie vir Laerskole gr. 4-7) | | 20 |
| - | Gala-aand optrede | | 15 |
| - | Afdelingswenner (bv. Gr. 4-poësie) | A++ en medalje | 10 |

| | | |
|---|---|---|
| | A++ (95%) rooi | 10 |
| | A+ (90-94%) blou | 5 |
| | A (80-89%) | 3 |
| | B (70-79%) | 2 |
| | Deelname | 1 |

**Ander (Noorderkruin/Impromptu/Pierneef ens.) Dance Academy of S.A.; Little Chilli, Wouwtjies Kunstefees, Speech Festival**

| | | |
|---|---|---|
| • Wenner van 'n kategorie (bv. Poësie vir Laerskole Gr. 4-7) | | 10 |
| • Gala-aand optrede | | 8 |
| • Afdelingswenner (bv. Gr. 4-poësie) | A++ en medalje | 10 |
| | A++ (95%) rooi | 5 |
| | A+ (90-94%) blou | 4 |
| | A (80-89%) | 3 |
| | B (70-79%) | 2 |
| | Deelname | 1 |

**B. Drama/Sang**

TV/Verhoog

| | |
|---|---|
| • Groot rol op TV of verhoogproduksie | 40 |
| • Byspeler op TV of verhoogproduksie | 20 |
| • Advertensie op TV of radio | 10 |

Skool

| | |
|---|---|
| • Hoofrol in revue/operette | 10 |
| • Byspeler in revue/operette | 5 |
| • Deelname in revue/operette | 1 |

Ander/Ateljee

| | |
|---|---|
| • Hoofrol | 5 |
| • Byspeler | 3 |
| • Deelname | 1 |

**C. Poësiekompetisie (Poetry Institute of Africa)**

| | |
|---|---|
| • Wenner | 15 |
| • Naaswenner | 10 |
| • Opgeneem in bundel | 5 |

**D. Voortrekkers**

| | |
|---|---|
| • Voorslagknoop in goud | 40 |
| • Voorslagknoop in silwer | 35 |
| • Voorslagknoop in brons | 30 |
| • Kommandoleier | 5 |
| • Spanleier | 2 |
| • Lid | 1 |
| • Drie of meer kentekens dié jaar | 1 |

**E. Kuns**

| | |
|---|---|
| • Wenner van ‘n buite-kompetisie | 20 |
| • Werkstuk verskyn in kalender | 30 |
| • Werkstuk 2de keer uitgestal tydens Jeugkunstefees | 20 |
| • Werkstuk uitgestal tydens bv. die Jeugkunstefees of enge ander kompetisie | 10 |

**F. Segarona**

| | |
|---|---|
| • Nasionale wenner | 30 |
| • Gauteng-wenner | 20 |
| • Streekswenner | 10 |

**G. Musiek**

| | |
|---|---|
| • Naam verskyn op **UNISA se EREROL** (Prakties/Teorie) | 40 |
| • **UNISA (Prakties)** | |
| Lof (80% - 100%) | 25 |
| Eervolle vermelding (70% - 79%) | 20 |
| Slaag (50% - 69%) | 10 |
| • **Royal Schools/Trinity (Prakties)** | |
| Lof (Trinity 80% - 100%; Royal Schools 130 uit 150) | 20 |
| Eervolle vermelding (Trinity 70% - 79%; Royal Schools 120 uit 150) | 15 |
| Slaag (Trinity 50% - 69%; Royal Schools 100 uit 150) | 8 |
| • **UNISA (Teorie)** | |
| Lof (80% - 100%) | 25 |
| Eervolle vermelding (705% - 79%) | 20 |
| Slaag (50% - 69%) | 10 |
| • **Royal Schools/Trinity (Teorie)** | |
| Lof (Trinity 80% - 100%; Royal Schools 90%) | 20 |
| Eervolle vermelding (Trinity 70% - 79%; Royal Schools 80%) | 15 |
| Slaag (Trinity 50% - 69%; Royal Schools 66%) | 8 |
| • **UNISA Beurs Wenner** | 20 |
| • **Tshwane Jeugorkes** | 35 |
| • **Sanlamweek** | |
| Afdelingswenner | 40 |
| Derde Rondte | 35 |
| Eerste/Tweede Rondte | 30 |
| • **Philip Moore** | |
| Finaal: Wenner | 20 |
| Finaal: Runner-up | 15 |
| Tweede Ronde: | |
| A++ | 15 |
| A+ | 10 |
| A | 3 |
| B | 2 |
| Deelname | 1 |
| • **Uitnodiging van buite vir groot optrede** | |

## H. DANS

BALLET

| | | |
|---|---|---|
| • | Afgelope jaar opgetree in Tshwane Jeugballetgroep | 35 |
| • | Royal Academy of Dance (RAD)/Cecchetti | 35 |
| • | 90% vir 'n bepaalde vlak, bv.<br>'n Gr. 3-leerder dans Gr. 1-eksamen<br>('n Gr. 4-leerder dans Gr. 2-ekamen, ens.) | |
| • | 75% vir bepaalde vlak<br>(sien vorige punt vir vlakke) | 20 |
| • | 75% behaal in 'n laer eksamen as bg. | 10 |

| | | |
|---|---|---|
| RADD: | Distinction | 75-100% |
| | Merit | 55-74% |
| | Pass | 40-54% |

| | | |
|---|---|---|
| Cecchetti: | A (Honours) | 80-100% |
| | B (Highly commended) | 70-79% |
| | C (Commended) | 60-69% |
| | D (Pass plus) | 50-59% |
| | E (Pass) | 40-49% |

AIDT:

- Hip-Hop: Elite 2
  Elite 1
  Intermediate 2
  Intermediate 1
  Junior 2
  Junior 1
  Pre-level 2
  Pre-level 1
- Bepaalde vlak: Gr. 4-leerder dans Junior 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| Uitslae: | Da Bomb | 90-100% | 10 |
| | Fly | 80-89% | 5 |
| | Awesome | 70-79% | |
| | Xtreme | 60-69% | |
| | Big up | 50-59% | |
| • Enige laer eksamen | | 90% + | 5 |

| | | |
|---|---|---|
| TAP: | Gold Higher | |
| | Gold Lower | |
| | Silwer Higher | |
| | Silver Lower | |
| | Bronze Higher | Gr. 7 |
| | Bronze Lower | Gr. 6 |
| | Yellow Star | Gr. 5 |
| | Blue Star | Gr. 4 |
| | Red Star | Gr. 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| • 'n Bepaalde vlak (soos hierbo) | Distinction | 90% | 10 |
| | Honours | 85% | 5 |
| | Highly commended | 80% | 3 |
| | Commended | 75% | 1 |
| • 'n Laer vlak as hierbo | Distinction | 90% | 5 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| MODERN: | Stepping Stones | | |
| | Primary | Red Medal | |
| | Junior Lower | Blue Medal | Gr. 3-leerders |
| | Junior Higher | Orange Medal | Gr. 4-leerders |
| | Preparatory | Yellow Medal | |
| | Final Grade | White Medal | |
| | Prelim Junior | Turqoise Medal | Gr. 7-leerders |
| | Prelimnary | Silver Medal | |
| | Elementary | Gold Medal | |
| | Intermediate | Emerald | |
| | Advanced | Purple | |

- 'n Bepaalde vlak: Gr. 3-leerder dans Junior Lower

| | |
|---|---|
| SADTA: | Gade 4 |
| | Pre-Grade 4 |
| | Grade 3 |
| | Pre-Grade 3 |
| | Grade 2 |
| | Pre-Grade 2 |

Grade 1
Pre-Grade 1
Primary
Pre-Primary
Tiny Tots

- Bepaalde vlak: Gr. 3-leerder dans Primary

| | | | |
|---|---|---|---|
| Distinction | 90%-100% | | 10 |
| Honours | 85%-89% | | 5 |
| Highly commended | 80%-84% | | 3 |
| Commended | 75%-79% | | 1 |
| • 'n Laer vlak as hierbo | Distinction | 90% | 5 |

<u>AKROBAAT</u>:

| | |
|---|---|
| Level 1 + 2 | Orange Shield |
| Level 3 | Silver Shield |
| Level 4 | Tan Shield |
| Level 5, 6, 7 | Gold Shield |
| Level 8 | Emerald Shield |
| Level 9, 10 | Red Shield |

- 'n Bepaalde vlak: Gr. 2 leerder dans Orange Shield.
- Uitslae:

| | | |
|---|---|---|
| Distinction | 90% | 10 |
| Honours | 85% | 5 |
| Highly Com | 80% | 3 |
| Commended | 75% | 1 |
| Pass Plus | 70% | |
| Pass | 65% | |
| SA deelname: | Goud | 10 |
| | Silwer | 5 |
| | Brons | 3 |
| SA-span | Goud | 30 |
| (oorsee): | Silwer | 20 |
| | Brons | 10 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| <u>HIP-HOP</u>: | Junior | Gr. 1, 2 | |
| | Step-up | Gr. 3 | |
| | Red Remix | Gr. 4 | |
| | Pre Level 1 | Gr. 5 | |
| | Level 1 | Gr. 6 | |
| | Level 2 | Gr. 7 | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| • Uitslae: | Distinction | 90% | 10 |
| | Honours | 85% | 5 |
| | Highly Com | 80% | 3 |
| | Commended | 75% | 1 |
| | Pass Plus | 70% | |
| | Pass | 65% | |
| | SA deelname: | Goud | 10 |
| | | Silwer | 5 |
| | | Brons | 3 |
| | SA-span (oorsee): | Goud | 30 |
| | | Silwer | 20 |
| | | Brons | 10 |

| | | |
|---|---|---|
| <u>LATIN AMERICAN</u>: | Eksamens: | Champ |
| | | Pre-champ |
| | | Novice |
| | | Goud |
| | | Silwer |
| | | Brons |

| | | | |
|---|---|---|---|
| • Uitslae: | Distinction | 90% | 10 |
| | Honours | 85% | 5 |
| | Highly Com | 80% | 3 |
| | Commended | 75% | 1 |
| | Pass Plus | 70% | |
| | Pass | 65% | |
| | SA deelname: | Goud | 10 |
| | | Silwer | 5 |
| | | Brons | 3 |
| | SA-span (oorsee): | Goud | 30 |
| | | Silwer | 20 |
| | | Brons | 10 |

**9. Redenaars**

i. Intern:

| | | | |
|---|---|---|---|
| (Afrikaans, Engels & Tweetalig) | * Deelname | | 2 |
| | * 3de plek | | 2 |
| | * 2de plek | | 3 |
| | * Graadwenner | | 4 |
| | * Beste redenaar algeheel (junior/senior) | | 4 |

ii. Eksterne
(Afrikaans, Engels & Tweetalig)

| | | | |
|---|---|---|---|
| * Interskole (individueel & span) | * Deelname | | 1 |
| | * 3de plek | | 2 |
| | * Naaswenner | | 3 |
| | * Wenner (graad/seun/dogter) | | 4 |
| | * Wenner (algeheel) | | 5 |
| * Radikale (individueel & span) | * Deelname | | 1 |
| | * Streekrondte | - deelname | 2 |
| | | - 3de plek | 3 |
| | | - 2de plek | 4 |
| | | - wenner | 5 |
| | * Nasionaal | - deelname | 10 |
| | | - 3de plek | 15 |
| | | - 2de plek | 20 |
| | | - wenner | 30 |
| * ATKV (individueel & span) | * Eerste rondte | - deelname | 3 |
| | * Tweede rondte | - deelname | 3 |
| | | - 3de plek | 5 |
| | | - 2de plek | 8 |
| | | - wenner | 10 |
| | * Nasionaal | - deelname | 20 |
| | | - 3de plek | 25 |
| | | - 2de plek | 30 |
| | | - wenner | 40 |
| * Abe Bailey | | | |
| (individueel/tweetalig) | * Deelname | | 1 |
| | * Streekrondte | - deelname | 2 |
| | | - 3de | 5 |
| | | - 2de | 8 |
| | | - wenner | 10 |

## I. Kore

**Jare van deelname**

Indien ‘n kind 80% bywoning deur die jaar gekry het, kwalifiseer hy vir:

| | | |
|---|---|---|
| 1 jaar | - | 2 |
| 2 jaar | - | 3 |
| 3 jaar | - | 4 |
| 4 jaar | - | 5 |
| 5 jaar | - | 6 |
| 6 jaar | - | 7 |
| 7 jaar | - | 8 |

1 Punt word gegee vir koorsang in ‘n ander skool.

**Koorfeeste**

Uitnodigings en deelname aan Koorfeeste - 2 punte per optrede

**Keurings**

| | |
|---|---|
| Indien ‘n koor gekeur is (bv. Jeugkunstefees in die Staatsteater) | 5 |
| Buite deelname (bv. Jakaranda Kinderkoor/Gauteng Jeugkoor) | |
| Keuring aan ‘n streekskoor en deelname van ‘n jaar | 20 |
| Deelname en CD-opname + ekstra aan Operette/Revue of ander groot projekte | 10 |

**Kompetisies**

Kompetisies word in drie kategorieë verdeel:

*Kategorie 1*

**ATKV Applous/Super 12**

| | |
|---|---|
| Landswyd finaal wenner | 30 |
| Landswyd deelname | 25 |
| Cum laude (90%) A+ | 15 |
| Encore (80%) A | 10 |
| Bravura (70%) B | 5 |

*Kategorie 2*

**Beeld/Centurion/Tirisano Kunswedstryde of Eisteddfod:**

| | |
|---|---|
| Wenner van Streek (Gauteng) | 20 |
| Gala-aand | 15 |
| Finalis, wenner of A++ | 10 |
| A+ Goud | 5 |
| A Goud | 3 |
| B Silwer | 2 |
| Deelname | 1 |

*Kategorie 3*

**Segarona/Doxa Deo/Eisteddfods wat deur skole aangebied word:**

| | |
|---|---|
| Gala-aand | 8 |
| Wenner / A++ | 5 |
| A+ Goud | 4 |
| A Goud | 3 |
| B Silwer | 2 |
| Deelname (c) | 1 |

**J. Toastmasters**

- Deelname 2
- Sergeant at Arms 3
- Chairperson 4

**K. Victor/Victrix Cultura**

- 'n Graad 7-leerder met die hoogste kultuurpunte, ontvang 'n Kultuurpenning wat oorhandig word deur Die Voortrekkers.

**L. Kultuur-trofeë**

- Grondslagfase Kultuur Wisseltrofee:
  Toegeken aan die veelsydigste leerder in Gr. 1-3 op kultuurgebied.
- Intermediêre fase Kultuur Wisseltrofee:
  Toegeken aan die veelsydigste leerder in Gr. 4-6 op kultuurgebied.
- Hierdie trofeë word toegeken op grond van deelname binne én buite skoolverband en berus by die diskresie van kultuurkomitee.
- 'n Wisseltrofee vir die beste prestasie in elk van die volgende kategorieë:
  - Redenaars
  - Instrumentale musiek
  - Drama
  - Toastmasters
  - Kuns
  - Sang
  - Dans

**8.2 Proses**

- Ouers en leerders word in die weeklikse nuusbrief herinner om uitslae/sertifikate skool toe te bring.
- Alle kultuurprestasies word by me. Bakkes ingehandig (met bewyse). Die sertifikate word op Dinsdagoggende in die amfiteater deur die kultuurleiers aan die leerders oorhandig.
- Me Bakkes gee elke Woensdag die uitslae aan die Kultuurhoof, wat alles dan rekordeer.
- Alle hoofde/verantwoordelike persone in elke afdeling, moet die punte van elke leerder byhou vir dié spesifieke afdeling en dit soos en waar moontlik vir me. Goosen stuur. Dit dien as kontrole.

**Me. A. Goosen**
**Kultuurhoof**

**Mnr. C. Henning**
**Hoof**

## KULTUURMERIETE

**Naam:** ______________________________________________ **Gr.** _____/____

- Merk asb. af in toepaslike blokkie(s) die prestasies behaal gedurende die **AFGELOPE JAAR**.
- **Alle** bewyse/sertifikate (of afskrifte) **MOET AS BEWYS GETOON WORD** voordat gelukwensing in die amfiteater plaasvind.

### 1. KUNSWEDSTRYDDEELNAME (Alle afdelings)

| | Hoeveelheid |
|---|---|
| Wenner van 'n kategorie (bv Poësie vir Laerskole) | |
| Gala-aand optrede | |
| | |
| Afdelingswenner ( A++ en medalje ) | |
| A++ | |
| A + | |
| A | |
| B , B+ | |

### 2. DRAMA / SANG

| | |
|---|---|
| **TV / VERHOOG / RADIO** | |
| Groot rol op TV of verhoogproduksie | |
| Byspeler op TV of verhoogproduksie | |
| Advertensie op TV of radio | |
| **SKOOL** | |
| Hoofrol in revue / operette | |
| Byspeler in revue / operette | |
| Deelname in revue / operette | |
| **ATELJEE / ANDER** | |
| Hoofrol | |
| Byspeler | |
| Deelname | |

### 3. VOORTREKKERS

| | |
|---|---|
| Voorslagknoop in goud | |
| Voorslagknoop in silwer | |
| Voorslagknoop in brons | |
| Spanleier | |
| Lid | |
| 3 of meer kentekens verwerf die afgelope jaar | |

### 4. REDENAARS ( merk vir deelname )

(Mev. Holtzhausen sal deelnemers se punte verwerk) ☐

**5. POëSIEKOMPETISIE (Poetry Institute of Africa)**

| | |
|---|---|
| Wenner | |
| Naaswenner | |
| Opgeneem in bundel (2e jaar) | |
| Opgeneem in bundel | |

**6. KUNS**

| | |
|---|---|
| Werkstuk verskyn in kalender | |
| Werkstuk 2de keer uitgestal tydens Tswane Jeugkunstefees | |
| Werkstuk uitgestal tydens Tswane Jeugkunstefees | |
| Ander (spesifiseer) | |

**7. SEGARONA** (Noem watter afdeling)

| | |
|---|---|
| Nasionale wenner | |
| Gauteng-wenner | |
| Streekswenner | |

**8. MUSIEK** (Spesifiseer eksamen graad en uitslag %, heg uitslae aan !)

| | Graad | % |
|---|---|---|
| Naam verskyn op UNISA se ererol ( 90% + ) | | |
| Musiekeksamens : UNISA , Royal School , Trinity | | |
| UNISA Teorie eksamen | | |
| Afgelope jaar opgetree in Tshwane Jeugorkes | | |
| Sanlam Kompetisie ( rondte & prestasie ) | | |
| Phillip Moore Kompetisie ( rondte & prestasie ) | | |
| UNISA-beurs | | |

**9. BALLET / TAP / MODERN/ HIP-HOP**

| | Graad/ Vlak | Uitslag/% |
|---|---|---|
| Tshwane Jeugballetgroep – heg brief aan | | |
| Ballet : RAD en Cecchetti | | |
| AIDT : Hip- Hop , Tap , Modern | | |
| SADTA : Hip-Hop , Modern , Akrobaat | | |
| ANDER : Latin American . Cha-Cha ens | | |
| SA deelname : Bring medaljes | | |
| SA span : Brief vir deelname | | |
| | | |

**10. KORE ( merk vir deelname )**

(Afrigters sal koorlede se punte verwerk) ☐

**GETEKEN EN GOEDGEKEUR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM VAN LAERSKOOL ANTON VAN WOUW**

**OP HIERDIE _______ DAG VAN ______________________ 2010.**

**Mnr C Henning**
**Hoof**

**Nicolette Brandt**

**Willem Britz**
**Voorsitter**

**Deon Kok**

**Willie Botha**
**Ondervoorsitter**

**Hanlie Geertsema**

**Wimpie Pienaar**
**Tesourier**

**Francois Naudé**

**Albert Adams**

**Kobie van Rooyen**

**Marica Botha**